NG Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin
No. 29 van 2018

22 Julie 2018

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Geloof gaan nie van jou 'n beter mens maak nie ...

Geloof is nie 'n selfverbetering program nie. Christus se doel is nie bloot net om van jou 'n beter mens te maak nie. Dit is selfhelp programme se terrein. O ja, godsdiens s'n ook. Formele godsdiens se doel is om jou deel van 'n sisteem te maak wat 'n duidelike onderskeid tref tussen "ons" as vromes en "hulle" as sondaars. Formele godsdiens verval spoedig in vaste reëls en regulasies waar mense gedurig gemeet word aan hulle gehoorsaamheid aan uiterlike voorskrifte, wette en tradisies. Geloof in Jesus as Heer gebeur heeltemal anders. Dit gebeur verhoudingsmatig. Geloof laat jou anders leef vanuit jou lewende verhouding met Christus. Geloof in Hom maak jou nooit werklikheidsvreemd of veroordelend nie. Geloof in Hom laat jou wel afstand doen van jou selfsugtige maniere van leef. Jesus se roete is dié van nederigheid; opoffering en diens. Sy roete vra om die aflê van alle selfsugtige begeertes wat jouself gedurig op die voorgrond plaas.

Geloof help weinig as jy bloot net wil beter voel oor jouself. Of as jy so nou en dan kits-hemelse hulp benodig. Totdat jy nie afstand doen van jou selfsugtige leefstyl en jou goor begeertes nie gaan jy teleurgesteld wees met Christus. Geloof wat nie lei tot selflose navolging van Hom nie, is godsdienstige oëverblindery. Jesus het gekom om jou lewe ryk te maak met sy nabyheid en vreugde. Jesus wil jou nie al hoe beter maak in jouself nie, Hy wil jou al hoe meer vorm na die beeld van God. Hy wil sy eie handtekening op jou lewe afdruk. Hy wil jou mooi, stylvol en voluit vir God laat leef. Volg Jesus op sy terme, dan is die hemele bokant jou oop.

Geskryf deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir die gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste, voorsang-groepie en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig vir haar
- Bid asb vir gebroke huwelike – daar is baie egskeidings
- Bid asb saam vir Eskom & sy werkers – hulle het elke gebed nodig
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & in ons land SA
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Beatri Wagner – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Alta Faurie vir genesing - sy is baie siek
- Bid asb vir Maria Steyn – bid vir volle genesing sy is ernstig siek
- Bid asb vir Suzette Fourie & dogter - haar dogter het kanker
- Bid asb vir Marlien Roetz- sy ervaar groot vrees
- Bid asb vir Anet Beckman – sy is baie siek en kry chemoterapie
- Bid asb vir Maud Kleynhans – sy het longvlies kanker
- Bid asb vir Martin Kleynhans – vir volle genesing na operasie
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Judy Hein – sy het borskanker
- Bid asb vir André Ackerman – bid vir volle genesing
- Bid asb vir Oom Cedric Wiegand & familie - tannie Hettie is oorlede



Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
26 Okt 2018	Onbeperk Konsert	Articon Skool

Dank Gebede

-Dankie HERE vir U groot genade & my gesondheid
-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
-Dankie HERE dat U, U ENIGSTE SEUN gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe , redeneer & omgee, & dankie HERE dat U altyd daar is vir my
-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie my GOD dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U ***wondergroot genade***. Amen!

Gedagte vir die week

"The key to life is not accumulation. It's contribution"

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.